



Ons het ons misgis met Jesus

Ds. Gys van Schoor

Ek het hierdie boek geskryf as 'n getuigenis van die Here se pad met my die afgelope 10 jaar sedert my woestyn-ervaring. Ek het 'n Jesus leer ken wat meer is as alles wat ek voorheen van Hom geken het. En dit is 'n voortgaande reis ...

Ek getuig in hierdie boek hoe die evangelie van Jesus, naamlik van die koninkryk van God, vir my oopgegaan het. En toe my oë daarvoor oopgaan, het ek Jesus "herontdek". Wanneer ons Jesus sien in die lig van die evangelie van die koninkryk van God, verander ALLES.

"If Christ is King, everything, quite literally, every thing and every one, has to be re-imagined, re-configured, re-orientated to a way of life that consists in an obedient following of Jesus." (Eugene Peterson)

Jesus se evangelie gaan oor die koninkryk van God. Wanneer ons dit verstaan, gaan daar vir ons 'n nuwe wêreld oop. Ons sien Jesus in 'n ander lig. En daarom word ons uitgedaag om ALLES wat ons dink ons verstaan van die Christelike geloof, te herbesoek.

Dit is die beste manier waarop ek die koninkryk van God kan verduidelik: **Jesus is Here, Koning. Jesus is hier.**

Om te lewe in die koninkryk beteken om elke dag dit in te oefen om vanuit hierdie werklikheid te lewe, om saam met Jesus te lewe, wat Here is en nou hier is. Ek bespreek in die boek sleutelperspektiewe om ons te help om te verstaan hoe lyk die lewe in die koninkryk. Dit hou onder andere die volgende in:

1. Volëinding

Ons weet dat die Koningsheerskappy van Jesus eers aan die einde in sy volledige gestalte gaan kom. Daarom leef ons nou met hoop, vertroue en geduld.

2. Opstanding

Met die opstanding van Jesus het God dit wat Hy aan die einde volledig gaan doen, vorentoe geskuif. Ons kan nou reeds in die koninkryk begin leef, met ander woorde onder die Koningsheerskappy van Jesus, want in Jesus het die koninkryk reeds gekom.

3. Kruis

Die kruis herinner ons daaraan dat ons nou in hierdie tussen-in tyd leef. Die koninkryk het in Jesus gekom, maar gaan eers aan die einde volledig kom. Die kruis help ons om te verstaan dat die lewe in die koninkryk nie triomfantelik of arrogant, van bo-af, is nie. Dit is nie die systap van die gebrokenheid van die lewe nie. Dit is 'n eerlike omgaan met ons eie en die wêreld se gebrokenheid.

4. Hemelvaart

Hemelvaart laat ons sien dat Jesus aan die regterhand van

God sit en regeer. Die lewe in die koninkryk is 'n inoefening van 'n lewe saam met die Koning wat tans die kosmos regeer.

Ja, sy regering is anders as wat ons dit verwag, maar Hy regeer. En die eerste plek waar sy regering sigbaar moet word, is in my en jou lewe. Daar is 'n verkeerde verstaan van hemelvaart dat Jesus nou weg is. Hy is nie nou weg nie. Hy is hier by ons teenwoordig.

5. Pinkster

Pinkster vertel ons hoe die Koning tans by ons is: deur sy Gees. Dit is deur sy Gees wat Jesus ons toerus om sy getuies te wees. Dit is deur sy Gees dat Jesus ons al meer verander na sy beeld.

6. Menswording

Jesus se menswording of inkarnasie wil ons kom help met ons eie menswording. Om te leer lewe in die koninkryk beteken dat ons by Jesus, die Mens, leer om weer mens te wees – egte, ware mense wat God verteenwoordig.

Die boek is beskikbaar by die kerkkantoor teen R50.



*Retraite 1 - Ons het ons misgis met Jesus
2-4 Augustus*

*Retraite 2 - Leer leef saam met Jesus
23-25 Augustus OF 4-6 Oktober*

*Retraite 3 - Emosioneel gesonde spiritualiteit
15-17 November*

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting

Uit die Woord – 'n Pinksterlewe

Ds. Rian Verster

Om Pinkster te verstaan beteken om te leef, bewys daarvan dat Jesus en sy Gees hier op aarde by ons is. Met sy Woord en die werk van die Heilige Gees help Jesus ons om as sy mense, mense van sy koninkryk, onder sy regering, 'n goeie en mooi lewe te leef.

Om sy koninkryk hier te vestig en sy wêreld te herskep, nuut te maak, trek Jesus ons in om sy visie te sien. Daarom herskep Hy ons en maak Hy ons nuut. Dit doen Hy deur te vra dat ons sal doen wat Hy sê.

As Paulus die gemeente in Rome en die kerk in die breë wil help om 'n koninkrykslewe, 'n Pinksterlewe te leef, sê hy dat ons moet *doen*. Hy sê dit in Romeine 12:9-12 so: "Ons moet met opregte en hartlike liefde teenoor mekaar

lewe en mekaar eerbiedig. In verdrukking, as die lewe moeilik word, moet ons vasstaan, ons medegelowiges help as hulle nood het en gasvry wees. Ons vervolgers moet ons nie vloek nie, maar liever seën en eensgesindheid, eerder as verdeeldheid probeer bewerk. Ons moet ook nie hooghartig wees en kwaad met kwaad beantwoord nie, maar liever in vrede met alle mense probeer leef en nie wraak neem nie. Ons moet op 'n totaal nuwe manier ook teen ons vyand optree. As hulle honger of dors is, versorg hulle. En moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur goed te doen."

Maklik is dit nie, maar hiermee help Jesus en sy Gees ons. En dan word dit Pinkster, in ons en deur ons en om ons!

Uit die wêreld – *Suits*

Ds. Tinus van Zyl


Die TV reeks, *Suits*, is vol goeie en mooi mense. Hulle is regtig *goed* in dit wat hulle doen, in hulle werk as prokureurs. Vir hierdie mense is dit nie 'n opsie om 'n hofspraak te verloor nie. Jy kan sien hoe goed hulle is, net deur die ontsettende duur pakke wat hulle dra, wat getuig van reuse finansiële sukses. Om miljoene te verdien, moet jy goed wees met dit wat jy doen.

Maar dis nie al nie. Hulle is nie net goed nie. Hulle is nog *mooi* ook. Hulle is aantreklik, beeldskoon. Met hulle pragtige voorkoms en lieflike klere is hulle 'n bron van begeerte en afguns ...

... totdat jy van nader begin kyk. Terwyl hulle so goed en mooi op die oppervlak vertoon, wemel dit van trots, selfbelang, jaloesie en rugstekery onder die oppervlak. Van buite lyk alles van hulle lewe goed en mooi, maar van nader bekyk, ontdek jy lewens gevul met alles wat sleg en lelik is: oordeel, woede, wellus, leuens, hoogmoed, gierigheid, bekommernis en, bo alles, weerwraak.

Om die waarheid te sê, die karakters raak so opgevang in die bouse kringloop van weerwraak, dat jy laterhand nie eers meer kan onthou wie nou eintlik vir wie eerste te nagekom het nie. Jy sukkel selfs om simpatie te voel vir die protagoniste, want gedurig het jy die ongemaklike suspisie dat hulle pogings om die "slegte" antagoniste terug te kry vir hulle "lelike" optrede, net so sleg en lelik is, indien nie meer so nie.

Die goeie en mooi lewe waarvan Jesus praat, is nie net goed en mooi op die oppervlak nie, maar ook aan die binnekant. In Lukas 6:45 sê Jesus: "Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor."



Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:
Vol blad R2000 | Halwe blad R1000
Kwart blad R 500 | 1/8 blad R250
Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou die reg voor om advertensies te weier wat nie by die aard van SIG pas nie.)

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl
Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by SIG of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Pinkster: *Jy is die lig vir die wêreld ... ja, JY!*

Gemeentelede

Tydens ons Pinksterweek het ons geluister na die lewens van vroeë Christene wat 'n lig vir die wêreld was in hulle dag en tyd. Van ons lidmate vertel wat hulle gehoor het in hierdie verhale:

Sondagaand: *Lewe in gebed*

Jané Gerber

Vir my was dit *amazing* om te sien hoe dat mense wat so lank gelede geleef het ook teleurstellings beleef het, maar deur gebed, hul lewe aan God toegewy het. Ek het net weer besef hoe groot God is en dat ek net 'n verskil kan maak in my skool en vriendekring as ek ook tyd by God spandeer om te hoor wat Hy vir my sê...

Maandagaand: *Lewe van heiligheid*

Hanlie Truter

Heiligheid is nie 'n klomp prysenswaardige daade nie, maar is in ons gesindheid, ons hart. Jesus kan ons net met heiligheid beklee daar in ons binnekamer waar ons tyd met Hom deurbring. Dis 'n heilige, stil proses, weg van die publieke oog, wat op die beeld na buite en uiterlike prestasie ingestel is. Die verhaal van Phoebe Palmer het vir ons kom wys dat as jy op jou kwesbaarste is, kom raak God jou aan en vul jou met die begeerte om heilig voor Hom te lewe.

Dinsdagaand: *Lewe deur die Gees*

Nana de Kock

Met die instap in die kerk sien ek die woorde: JY IS DIE LIG VIR DIE WÊRELD ... JA, JY! Wie, ek? wonder ek. Maar, hoe langer ek luister, hoe meer besef ek die Gees van God is vir gewone mense. Die Gees is 'n gawe van God wat Hy vrylik skenk aan almal wie se lewe vir Hom oopstaan. Niks, nie eens my ouer word hoef in my pad te staan nie. Ek



gaan graag, met God se Gees in my, oor hierdie 'onseker-wees-grens" en wil graag sê: EK is 'n lig vir die wêreld ... Ja, EK!

Woensdagaand: *Lewe vir geregtigheid*

Bobby Jooste

Die tema van vanjaar se Pinkster het my aandag getrek. Ek voel skuldig dat my liggie maar effentjies skyn en het gedink miskien kry ek die antwoord by Pinkster. Twee van ons voorouers in die geloof is as voorbeelde voorgelê van mense wat vir geregtigheid geleef het.

John Woolman het die Kwakers, 'n godsdienstige gemeenskap in die VSA, aangespoor om hulle slawe vry te laat nog voordat die wet vir die Vryheid van slawe deurgevoer is. Dorothy Day het geveg teen werkloosheid en armoede. Die vrae wat my bybly is: 'Aan wie kan ek reg doen?' en 'Aan wie kan ek deernis bewys?'.

Kinderpinkster – *Jy is Myne!*

Lezjé van Zyl

By hierdie jaar se Kinderpinkster het ons gemeente se kinders gehoor dat God vir elkeen van ons kom sê: "Jy is Myne".

Ons is deel van God se gesin en as 'n gemeente-gesin het ons elke aand lekker speletjies gespeel, soos *Scrabble*, slangetjies en leertjies, *Monopoly*, *30 Seconds* en *Pick-up-sticks*, tot groot vermaak van almal. Die kompetisie tussen die seun- en meisie-span het vele pret en plesier verskaf.

Ons het ook na die stories van Moses, Mefiboset, Nikodemus, die verlore seun en Kornelius geluister en gehoor hoe hulle elkeen vir ons iets van God se gesin kom leer het. Die kinders het ook gehoor dat ons as God se gesin sekere voorregte het, naamlik dat ons vir God ons Vader kan noem, dat God vir ons sorg, dat ons nooit alleen is nie, dat ons nie meer slawe van sonde is nie maar God se kinders is, dat ons erfgename saam met Jesus is en dat ons nuwe name kry.

Die laaste aand is afgesluit met die uitdeel van *Liquorice All Sorts* lekkers om ons te herinner daaraan dat almal welkom is in God se huisgesin. Hierdie jaar se Kinderpinkster was voorwaar 'n viering van God se teenwoordigheid in ons elkeen se lewens.



Gemeente se Finansies

Stephan Pretorius (Voorsitter: Finansies)

Ons gemeente het 'n ryk tradisie wat oor jare strek van betrokkenheid by verskeie aksies van diens, barmhartigheid en getuenis. Wat 'n mens telkens met dankbaarheid en opgewondenheid vul, is die hoeveelheid lidmate wat jaarliks soveel van hulself gee, hetsy met hulle tyd, kundigheid of finansiële bydrae. Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat Hy ons gemeente op so 'n besondere wyse onderneem en ons wil elkeen bedank vir hulle betrokkenheid.

Ons geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013, toon 'n tekort van R166 000. Dit vergelyk goed met 'n begrote tekort van R200 000, alhoewel ons die 2011-2012 finansiële jaar met 'n oorskot afsluit het, wat aangewend is vir diensaksies.

Met die opstelling van die huidige jaar se begroting, het die volgende egter duidelik geword:

- Die gemiddelde groei in ons gemeente se jaarlikse inkomste het oor die afgelope 3 jaar aansienlik afgeplat;
- Uitgawes word goed bestuur in lyn met ons jaarlikse begroting;
- Inkomste-groei behoort 'n belangrike fokuspunt uit te maak van die begroting.

Oor bome en blomme ...

Ds. Freek Serfontein

'n Tyd gelede het die Kommunikasiekantoor van die Wesen Suid-Kaap 'n skrywe uitgestuur aan kerkrade oor kerkgeboue en -tuine. Daarin is kerkrade bedank vir die manier waarop hulle hulle geboue en tuine in stand hou. "Goedversorgde geboue en netjiese tuine is ook 'n manier van preek," is in die brief gesê.

Dit het my dadelik aan twee sake laat dink. Op die oomblik is daar aan weerskante van die parkeerterrein by die gemeentesentrum 'n ry wildepruimbome. Die bome bied al lieflike skaduwee wanneer die son so ongenadig is. Die bome is geplant nadat die ou bloekombome van binne verrot het. Dit het 'n gevaar geskep en moes afgesaag en uitgehaal word.

Elsabé Warren het navorsing gedoen en toe aanbeveel dat dié soort bome aangeplant word. Die man wat die bome gekoop en op Tulbagh gaan haal het, was Gert Moolman van die destydse Boshoffplaas op die Vissershokpad. Gert se regterhand op die plaas, Johnnie, het die bome geplant

Ons het die begrote tekort vir die huidige jaar tot R125 000 verminder. Die mikpunt vir die Dankbaarheidsoffer (tiende-maand dankoffer) is na R1 100 000 verhoog. Gewone en maandelikse bydraes is begroot vir 'n 5% toename.



Dit is verblydend om kennis te neem van die hoeveelheid nuwe lidmate wat die afgelope jaar by die gemeente ingeskakel het. Ons glo dat dit, tesame met 'n redelike toename in bydraes van huidige lidmate, ons instaat sal stel om ons begrote inkomste-groei vir die huidige jaar te bereik.

Ek wil elkeen uitnooi om weer eens in hierdie jaar in dankbaarheid aan die Here en met blydschap deel te neem aan ons gemeente se eredienste en aksies. Dit bly 'n groot voorreg om as dissipels van Jesus, saam in diens te wees van God se nuwe wêreld!

nadat hulle mis en beenmeel onder in die gate gegooi het. In 2007 is Gert skielik aan 'n hartaanval dood. Vandag is die bome vir my 'n lewende monument van iemand wat die grond en die veld hartstogtelik liefgehad het.

Die tweede saak is dié van die kerktuin. Ek was bevoorreg om die afgelope Lente 'n paar keer daardeur te stap. Ek kon my oë nie glo dat die tuin wat nou maar eers 'n stuk of 3 jaar oud is, so mooi is nie. Elsabé Warren was ook hierby betrokke. Dit is sy wat die uitleg beplan het. Daarna was sy betrokke by die aankoop van die plante en raadgee. Gert Moolman se seun, Lafras en sy werksmense, het aanvanklik die gras uitgespit en die nuwe beddings voorberei. Van die eerste plante en bome het hulle ook help plant. Daarna het lidmate uit die gemeente ook kom hand bysit. Sedertdien is dit Alfred en Ernest wat die voorreg het om die kerk-tuin verder in stand te hou.

Ons is dankbaar dat ons ook op so 'n besondere manier ons dank en aanbidding aan die Here kan bring.





Omgee tot in Atlantis

Helma Geruitsen

Etlieke jare is die Omgeediens al gekoppel aan Atlantis-mense se wel en weë, waar armoede, mishandeling agv alkohol, tik en dwelmverwante misdade die gesinne en mense verniel.

Atlantis was vroeër jare geïdentifiseer as 'n groeipunt teen die Weskus met baie fabriek vir volop werk. Mense het redelik rustig gewoon en gewerk. Die gemeenskap is baie geïsoleer en daar is min hulpbronne. Met die jare het veral die tekstiel- en motorvervaardigingsfabriek gesluit en die inwoners het hul werk op groot skaal verloor.

Die pad van ons kerk het deur hierdie verlate, agteruitgaande gemeenskap gekruis en met dankbaarheid aan ons hemelse Vader, help ons gebroke individue en gesinne om weer son in hul lewe te verkry. Opmerklik is die groot aantal gelowige mense wat na hul medemens omsien. Daar is straatkomitees wat opheffingswerk doen en by die Omgee-

diens inskakel.

Saam met Bokomo se ontbytfabriek reik ons elke jaar met Vigsdag uit na 200 Vigswesies in die hospitaal en spesiale Vigshuise. 'n Vroeë Kersfeesbederf met speelgoed, lekkers en klere laat hierdie kinders se gesiggies blom.

Woelwaters crèche se personeel en mammas vat saam met ons hande, waaroor hulle en ons baie dankbaar is. Inwoners kom ook maandeliks heel opgewonde na ons Depressie en Angsgroep toe. Ons is baie dankbaar vir dr. Juan Schronen, omgeedienspsigiater, wat ook Atlantis inwoners help.

Bowenal loof en prys ons Hemelse Vader dat ons saam met Jesus kan leef tot binne-in Atlantis-mense se harte. Ons hartlike dank aan ons gemeentelede wat ook saam stap.

Vroue-aande vir oud en jonk

Paula Nieuwoudt

Ons Vroue-aande poog hierdie jaar om geleenthede te skep waar ons as vroue saam kan ontspan en kuier, waar ons geloof kan oorgaan in daad, dat ons nie net praat oor mekaar ondersteun nie, maar mekaar werklik dien in liefde.

By hierdie aande wil ons nuwe vriendinne maak en ou vriendskapsbande versterk, en soos ons saamkuier wil ons ons siele verfris, sodat ons in Jesus se voetspore kan loop om sy liefde vir ons, saam, op verskillende maniere uit te leef in ons gebroke gemeenskap.

Ons wil graag 'n veilige ruimte skep waar ons as vroue saam geestelik kan groei, waar ons ons verskillende gawes kan gebruik en waar ons toegerus kan word vir ons persoonlike roepings, sodat ons saam 'n dieper intimiteit met ons Here kan ervaar en so dan 'n lig vir ander kan wees.

Ek weet dat elke vroue-aand 'n seën van God is. 'n Handjie vol vroue is gehoorsaam aan God deur hul bereidwilligheid om te help met die reëlings en daarom gebeur hierdie

aande met God se vrede en vreugde. Na elke aand is ons bewus van God wat soos 'n wolk om ons hang en waarin ons sy krag, liefde en drome vir ons ervaar.

Ons het afgeskop met 'n heerlike Vroue-naweek in Februarie waar ons seker gemaak het dat daar oorvloed "me-time" en tyd vir die Here was, om ons te versterk vir ons lewe.

In Maart was ons geseën met 'n wonderlike getuigenis deur Yolandie van Wyk, wat vertel het hoe God jou gemorsies in geleenthede kan omskep. En in April het ons 'n hekel- en brei-projek aangepak.

Elke geleentheid en elke aand word ons herinner dat ons kosbaar is vir Hom, dat sy genade soos 'n fonteintjie oorloop in ons. Ons is so dankbaar dat Jesus ons hande en voete gebruik en hoop dat die opkomende maande net so verrykend en inspirerend sal wees. Ons hoop dat elke vrou vir haarself die tyd sal gun om te kom volword van God se liefde vir ons. Sien julle by die volgende Vroue-aand.

Voetspore in Asië

Petrus en Lisle

Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen ... om soveel mense as moontlik vir Christus te wen.

Vriende, ons wil graag vir julle 'n paar foto's wys van ons wêreld hier, want dit is waar ons sout en lig moet wees. Met die Here se groot genade gaan dit regtig goed met ons. Baie dankie vir julle voortdurende gebede en ondersteuning. Ons is so opgewonde oor wat die Here hier beplan!



Daar is tyd vir pret ook. Ons het 'n paleis in die omgewing besoek en het 'n paar plaaslike krieketspelers raakgeloop!



'Thali' beteken skinkbord. Dit bevat al die plaaslike smake en, ja, dit brand!



Petrus en Josia drink saam tee. Teedrink is 'n groot deel van die plaaslike kultuur. Hulle kook die tee in melk en gooi dan 'n hoop suiker daarin. (Petrus en Josia geniet die soetheid.)



Met spitsverkeer gaan dit maar stadig en is die lug erg besoedel. Motorfietse druk tot voor...



Behalwe vir die afgodsbeelde by tempels, sien 'n mens prentjies van die beelde in taxis, op geboue en selfs in werkplekke. Hierdie beelde lyk dalk onskuldig, maar daar is werklike geestelike mag daaragter.



'n Blommeverkoper voor 'n tempel. Daar is letterlik duisende tempels.

Ons gebed is dat die Here sy lig in die mense hier se harte sal uitstort sodat hulle na Hom sal soek en Hom sal vind.

Baie liefde
Petrus, Lisle, Esmarie en Josia

Uitreik na die Noord-Kaap

Christi Thirion

Van 22-29 Junie is dit weer sulke tyd, uitreik-tyd! Die plan is om weer in Vredesvallei te gaan kuier, daar te bid, speletjies te speel en daar 'n kinderbedieningprogram aan te bied.

Die sendelinge, Jimmy en Marlize Meyer, het die behoefte uitgespreek dat ons in die gemeenskap kom bid. Hulle beleef baie teenstand in die werk wat hulle wil doen. Die teenstand is nie noodwendig teenoor hulle nie, maar tussen die mense van die gemeenskap. Daar is baie persoonlike agendas en onderlinge verdeeldheid, wat dit bykans onmoontlik maak vir hulle om te werk. Hulle het gevra dat ons by Jesus sal intree vir versoening, vrede en liefde.

Ons beplan ook 'n paar praktiese aksies. Die Hoërskool-kinders kom vir die vakansie van die koshuise uit Kakamas en Upington, terwyl die Laerskoolkinders niks het om te doen nie. Soos ons almal weet, ledigheid is die duivel se oorkussing. Ons gaan daarom saam met die kinders speel, want dit help ons ook waar ons woorde nie genoeg is nie. Ons gaan kuier saam met die jongmense van Vredesvallei en wag dat die Here iets doen. Wat presies Jesus wil doen, is ons nie nou van seker nie, maar ons gaan met verwagting en weet dat sy Gees ons gaan verras.

Ons bedank sommer by voorbaat vir almal wat ons help

Hoe ek gegroei het in 14 weke

Gemeentelede

Anne Smit:

Dit is met groot opgewondenheid dat ek die uitdeel van die 40 dae en later die 14 weke handleidings afwag, want die handleidings hou elke keer vir my soveel geestelike groei in. Hierdie jaar was die opgewondenheid dubbeld, want die kinders het hul eie handleiding ontvang en help my as ouer in hulle geestelike reis.

Die sewe lydensweke wat opbou na Paasfees en die sewe weke van opstandingstyd het my die wonder van Paasfees op 'n nuwe manier laat ervaar. Te midde van alles wat sleg en lelik is in die wêreld (en ons Suid-Afrikaners kan hiervan getuig – of altans so glo ons mos!) en in ons lewens, gee Jesus se opstanding vir ons hoop. Die slegte en lelike sal swig voor die goeie en mooie.

As Christen is ek nie gevrywaar van storms nie, maar deur die krag waarmee die dood oorwin is, kan ons bly staan te midde van die storms. Die goeie en mooi lewe bestaan uit 'n reeks klein keuses – gaan ek vandag bewustelik lewe, gaan ek in die gejaagdheid en wêreldse prioriteite vasgevang word, of gaan ek waarlik stil word en op God vertrou?



met die fisiese benodigdhede en voorbidding. Ons het egter nog baie hulp nodig om die uitreik se kostes te dek, om almal daar en weer terug te kry. Dit is ook ons oortuiging dat die uitreik nie 'n tiener-uitreik is nie, maar 'n GEMEENTE-uitreik. ALMAL, oud en jonk, is welkom om saam te kom!

Indien jy wil saamkom, of ons kan help ry, as jy 'n groot voertuig het wat ons kan leen, of as jy ander bydraes wil maak, kontak my gerus by die onderstaande kontak-besonderhede.

Christi Thirion

E-pos: christi@durbanvillegemeente.co.za

Werk: 021 975 6370 (x109)

Selfoon: 082 728 9762

My reis is nie alleen nie. Ek stap saam met Jesus. Ek stap saam met medegelowiges. Die gemeenskap van gelowiges het vir my nuwe betekenis gekry. Die samesyn, die vriendelikheid en bekende glimlag; die langsmekaar stap tydens die goeie en moeilike tye. Die luister en onderskraging – veral deur gebed.

Ek het besef dat ons as mense so smag na beheer dat dit die wortel van alle kwaad word. Dit is die rede hoekom ek oordeel, die rede hoekom ek kwaad word, die rede vir die dryf om my eie begeertes te vervul, die rede vir leuens, die rede hoekom ek sukkel om te ontspan, die strewe na erkenning en die rede vir my vrese en bekommernisse.

Ek het geleer dat stilword by my Verlosser bring 'n bewustheid: 'n bewustheid waaruit ek geestelik groei, want slegs deur bewus te wees kan ek bely en my vertrou op Jesus plaas – daaruit spruit 'n goeie en mooi lewe.

Mag ons almal bewustelik lewe!

Vervolg op agterblad





Hoe ek gegroei het in 14 weke

Gemeentelede

Bettie Collins:

Dit was vir my goed om saam met die gemeente en met my kleingroep hierdie studieboekie te kon deurwerk.

Dankie vir Sondae se preke wat baie gehelp het. Dit was vir my 'n absolute ontnugtering om te besef dat ek skuldig was aan swak keuses. Ek bid: "Here vergewe my. En dankie vir die kans om oor te begin, elke dag. Om soos in die lente, 'n nuwe groeityd in my lewe te bring. Amen."

Ek maak die boekie toe, die omslag is liggroen met skoenlappers en 'n leë kruis. Ek onthou Jesus het in die lente opgestaan. Hy maak dit lente in my herfsjare. Dankie Heer!

Johann Smith:

Wat het ek geleer en hoe het ek gegroei in die afgelope 14 weke, terwyl ons stilgestaan het by *Die goeie en mooi lewe*? 'n Mens sou kon vra: Maar kan 'n dominee, en daarby nog 'n 'ou' dominee, nog iets leer en geestelik groei? Verseker!

Die 14 weke het my gehelp tot nuwe toewyding en praktiese uitlewing. Waar geleenthede minder geword het om te preek vanaf 'n preekstoel, het die onderwerp my gemotiveer om preke te leef.

Die seën wat ek ontvang het, het my daartoe gebring om vir ander tot seën te wees. Ek het begin om by die geel lig te stop, om nie net gou op die plek vir gestremdes te parkeer nie, en ook om nie vir hulle te "seën" wat ondankbaar by my verbyspoed nadat ek in die geelstreep vir hulle plek gemaak het om verby te kom nie.

Ek konsentreer daarop om geduldig te wees met my vrou as sy nie meer so vinnig soos vroeër uit die motor klim nie. Ek dink 'n paar keer om nie met 'n angel te antwoord wanneer my skoonseun my 'n dom of moedswillige vraag vra nie.

En so is selfs 'n ou dominee besig om te groei – na die goeie en mooi lewe ...

Rhoda van Schalkwyk:

Liefste Anna-Marie

Ons het nou die dag gepraat oor die ou-wêreldse lekkerte van 'n papierbrief wat per slakkepos aankom. Hier is dan die beloofde brief en dit gaan oor my, want die dominee het gevra dat ek iets moet skryf oor wat ek geleer het uit die 14 weke se Bybelstudie in ons gemeente – *Die goeie en mooi lewe*. Nou skryf ek sommer my antwoord aan hom vir jou, en dan is dit minstens die ware Jakob.

Vrees nie, dis nie een van my tipies intense relase met kruisverwysings nie ... nee, hierdie brief gaan oor my en dan weet jy sommer hoe dit met my gaan!

Ten spyte van die stroperige titel – wat de joes is 'n mooi en goeie lewe? – en ook die skoenlappers (!) op die studiegids se voorblad, was dit vir my sinvol. Inderdaad 'n paradigmatische skuif van *ek/my/myne* na *jy/jou/joune/julle*.

Dis nie normaal nie, dis nie menslik nie, maar dit is, dink ek, die omvattendste omskrywing van wat genade eintlik beteken. Dit is om momenteel en dan toenemend die Christusgesindheid so navolgenswaardig te beskou dat ek die boodskap van die bergpredikasie as ononderhandelbare opdrag begin lees het. Niks meer van strewe nie, niks meer loer oor die skouer of verwytend in die (lewens)spieël te kyk nie, maar wel met sagte oë na myself te kyk en nederig te oefen, oefen, oefen totdat 'n glim van Christus in my begin lewe.

Dis die verligting om oordeel op te hef en met ruimte te bemin. Dis die minsame liefde wat gebore is uit die "Aha!" dat Christus als dra, als neem, als wegneem. Dis die skoon palet van vergifnis. Dis die ewigheidsperspektief dat ek trots en egoloos kan blom. Dis die rykdom wat groei uit ongesiens die regte dinge om die regte redes doen. En ja, liefste Anna-Marie, dis om ankers los te maak en te leef sonder bagasie ... dartelend soos 'n ...

Met ander woorde, dit gaan met my *goed*. Hoe gaan dit met jou?

Liefdegroete van huis tot huis,
Rhoda